Ons Behoeftes & Gods Beloftes. | Preikster U-P 1954

II Kan Ek Seker Wees van My Saligheid?

Hand. 2: 14-21 (21); Rom. 10:1-17 (13)

Rom. 10:13 - Elkeen wat d. Naam v.d. Here aanroep. sal gered word.

Gisteraand ons 1e oud. afgesluit met 3 vrae (oor d. absoluutheid v.d. Xdom):

① Is daar van u wat d. vr. wil beantw. deur daar te bly redeneer?

② Is daar van u wat weet wat d. antw is maar weg-skaam om dit te gee?

③ Die van u wat reeds geantw. het: „Jesus - U het d. wde v.d. ewige lewe" - hoe het u geantw.? ⊗ as d. Xt-godsd. vir my d. enig ware is - dan: - Vanaand 'n stap verder gaan deur 'n tweede oud. wat ons behoefte bloot lê: Kan ek seker wees van my saligheid? Vr. is: Wat is saligheid? S. maklik mis-verstaan as a) toestand van geestesgeluk van'n vrome hfrauwaals b) 'n besondere soort lewe + geestes-toestand wat net deur 'n klein klompie mense geniet word." In d. eenvoudigste wde: Die geluk (wat niem. + niks v. my kan wegneem) van die sekerhd dat God my aangeneem het as sy kind - my hele hart + lewe innerlik vernuwe deurdat Hy my vrygemaak het v.d. oordeel van 'n lewe buite God. Dis saligheid - soos God dit bied.

I Nou kom 'n tweede vr: Kan ek seker wees van my eie saligheid? Dat dit ook vir my bedoel is? Absoluut, onomstootbr seker? Of moet ek maar aë toemaak, die sprong in d. duister waag en hoop vir die beste? Vb. Spinnekop gistermôre teen d. muur - opge-klim + toe met groot sprong i/d lugruim niet met spinnerakdraadjie agter in hoop om êrens iets te raak, te land. Is dit wat God van my vermag? 'n Mens kan net so goed van 'n vliëenier vermag dat hy sonder valskerm op groot hoogte uit vl. spring.

⊗ Waarom van so groot belang om I te antw. voor ons na II gaan? Omdat: ① as ons Xt. nie as die abs., d. Enigste erken + aanbid, dan sy wd. ook nie absoluut - dan sy eise + beloftes vir my geen krag!

in die hoop dat hy in 'n sagte hoofmeid sal land!

Nee, God werk nie so nie. Baie duidelik en baie beslis gee God aan ons d. sekerheid oor wat Hy belowe:

① Luk. 3:6 – „En alle vlees sal die verlossing v God sien" (Joh. d. Doper se prediking)

② Hand. 2:21 – „En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word"

③ Rom. 10:9 – As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit d. dode opgewek het, sal jy gered word"

④ 1 Thess. 5:9 – Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die verlossing te verkry deur onse H.J.C.

⑤ 1 Tim. 2:3+4 – Want dit is goed en aangenaam voor God, onse Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis v.d. waarheid kom

⑥ 2 Petr. 3:9 – Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie maar dat almal tot bekering moet kom.

Dis wat God aan ons sê: Hy wil hê, Hy verlang vurig met sy hele hart dat alle mense Hom sal aanneem as Heer en God. En dis nie God 'n bron van smart waar d. mens weier om dit te doen of spottend van Hom wegdraai!

Nr. God het nie net gesê nie: God het ook gedoen – alles gedoen wat moontlik was om d. mens te help. God het Sy Seun na d. wêr. gestuur om elke wd. wat Hy belowe het te bevestig: En as u wil weet of Hy dit gedoen het en hoe Hy dit gedoen het gaan kyk self na sy lewe! Dis Hy wat ons leer: „Elkeen wat d. Naam v.d. Here aanroep, sal gered word"

**II** Nr. God is nog nie klaar met ons nie:

① Hy het nie net gesê dat Hy ons wil red

② „ „ „ „ gedoen deur Sy Seun te stuur om ons te red

③ Hy wil ons ook leer hoe ons moet doen om dd. sekerhd te kry:

Wat is daardie stappe?

① Myself sien soos God my sien: As 'n veroordeelde, verlore, verdwaalde mens – 'n mens wat God + my naaste haat, 'n mens wat buite d. wil v God lewe, 'n mens wat ten spyte van al my talente + kennis + skoonheid + sjarme + krag + invloed verlore is + verlore gaan – tensy ek my tot God bekeer! (Efese 2:1–3)

→ Hoef nie alles te weet + te sien: net 'n deeltjie is genoeg!

② Luister na Gods roepende stem: Openb. 3:20 – „Kyk Ek staan by d. deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My."

③ Berou betoon: In ootmoed voor God staan met hart wat klaar oor d. sonde + kwaad in my eie lewe – staan soos Dawid voor God nadat Nathan hom sy sonde bekend gemaak het: „Die offers van God is 'n gebroke gees – 'n gebroke + verslae hart sal U o God nie verag nie"

④ Belydenis doen: Teenoor God + waar nodig teenoor my m/mens – eerlik + openhartig – sonder om iets terug te hou of weg te steek. Sonder hd. belydenis is daar geen vrymaking moontlik nr: „As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons d. sonde te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig"

④ In d. geloof aanvaar: (God neem op Sy wd.):

a) God wil my vergewe en het my vergewe:

Jes. 55:7 „Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot d. Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees: en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik"
Ps. 103:3 – „Loof die Here, o my siel, wat al jou ongeregtighede vergewe."

b) God skenk my 'n nuwe lewe: Herhaaldelik gee God ons die versekering:
Joh. 5:24 – „Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het d. ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, mr. het oorgegaan uit d. dood in d. lewe."

Beswaar: „So 'n moeilike pad – so baie trappies – so 'n ingewikkelde proses". My jong vriende, dis nie waar nie: ① dit kan 'n lang proses wees mr. dan alleen omdat (as/wanneer) ons God hinder, dwarsboom deur ons eie onwil of onkunde. Andersins: saak van 'n oomblik, 'n knik, 'n kyk – + hd. sekerhd is ons s'n!

Die v. is: Wil ek dd. sekerhd hê? Is daar d. lewende behoefte in my hart om dit te vind?
Dan net een antwd: Doen wat God sê – probeer wat Hy u vra om te doen – en kyk of dit werk! Ek verseker u: dit werk!
Die enigste ding wat werk!